



SIERLAPPIES VIR KONFYTPOTJIES

BENODIGDHEDE: Coats Anchor-string-borduurgaring: 1 string elk skarlakenrooi 046, framboos 070, grasgroen 0244, papegaaigroen 0256, kanariegeel 0291, akkerbruin 0355, wit 0402 en swart 0403. Gebruik deurgaans 3 drade. Dan ook 40 cm geel egalig geweeftde stof, 29 drade per 2,5 cm, 56 cm breed. Genoeg bruin lint van 3 mm breed (koop eers nadat al die lappies voltooi is). 'n Milward International Range-tapisserienaald nr. 24.


AANWYSINGS: Knip vier vierkantige stukke van 19 cm uit materiaal en merk middel van elke stuk oorkruis met 'n ry rygsteke. Diagram 1 toon die voltooië ontwerp vir die kersie-, aarbei-, swart aalbessie- en suurlemoenkonfjylappies. Die middelpunt van elke ontwerp is met swart pyltjies gemerk, wat met rygsteke moet ooreenstem.

Elke agtergrondblokkie op diagram stel 3 drade van materiaal voor. Die ontwerpe word deurgaans in kruissteek oor 3 horisontale en 3 vertikale drade van materiaal gewerk. Begin elke ontwerp in middel en borduur volgens diagram 1 en kleursleutel van borduurwerk. Pars aan verkeerde kant nadat borduurwerk voltooi is.

AFWERKING: Borduur 'n ry siersoomsteek (sien diagram 2) of stik sigsagsteek 1 cm vanaf rand rondom en rafel dan materiaal uit om 'n fraaiingrandjie te vorm. Knip lint in vier ewe groot stukke en bind lappies daarmee oor konfjypotjies vas.

DIAGRAM 2: Siersoomsteek: Trek 3 drade van materiaal 1 cm vanaf rand rondom uit. Bring borduurdraad 2 drade onderkant uitgetrekte drade uit. Steek naald aan agterkant en om 2 los vertikale drade en bring naald 2 drade na onder uit om vir volgende steek gereed te wees. Borduur al vier kante op dié manier. Rafel oorblywende drade na voltooiing uit om fraiings te vorm.

DIAGRAM 2.



deur HENRIETTE LOUW

SLEUTEL TOT
DIAGRAM

- — 046
- — 070
- — 0244
- — 0256
- — 0291
- — 0355
- — 0402
- — 0403




DIAGRAM 1

